MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES

KONSTRUKSIE VAN HOOFWATERTOEVOER VIR BEAUFORT-WES EN NELSPOORT

KENNISGEWING NR. 146/2008

KONTRAK NR. DID 17/2008

PROJEK VERW NR. 23125KS0

T1.1 : TENDERKENNISGEWING EN UITNODIGING OM TE TENDER

Die **MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES** nooi hiermee tenderaars uit vir die voorsiening vir die **Konstruksie van die Hoofwatertoevoer vir Beaufort-Wes en Nelspoort**.

Tenderaars moet by die CIDB geregistreer wees en daar word verwag dat tenderaars aan 'n CIDB kontrakteursgradering van **4CE** of hoër moet beskik.

Voorkeur sal verleen word aan tenderaars wat:

1. Voorsiening maak vir die ekonomiese bemagtiging van Histories Benadeelde Individue (HBI) soos gepubliseer in die Voorkeurverkrygingsbeleid Regulasie 2001 (Staatskoerant Nr 22549 van 10 Augustus 2001).
2. Voldoen aan die Voorsieningskanaal-bestuursleid van die Munisipaliteit soos goedgekeur in terme van Artikel 111 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003 (56 van 2003).

Alleenlik tenderaars wat aan die vereistes voldoen soos in die Tendervoorwaardes en Tenderdata is geskik om tenders in te handig.

Tenderdokument moet afgehaal word by die **Direkteur: Ingenieursdienste, Birdstraat 63, Beaufort-Wes** of **KV3 Ingenieurs, Allenrylaan 31, Loevenstein, Bellville** teen betaling van 'n nie-verhaalbare deposito van **R200-00** in die vorm van 'n bankgewaarborgde tjek, ten gunste van die Munisipaliteit Beaufort-Wes, gedurende kantoor-ure. Geen kontantdeposito's sal aanvaar word nie.

Navrae met betrekking tot die tender moet gerig word aan **Mnr VA Jensen,**Tel Nr. (**0)21 912 3000**, Faks Nr. (**0)21 912 3222**, epos **vjensen@kv3.co.za**.

'n **Verpligte** terreininspeksie, met verteenwoordigers van die Kliënt, sal plaasvind op **Woensdag, 12 November 2008** om **12:00** by die Beaufort-Wes Munisipale Kantore, Birdstraat 61, Beaufort-Wes.

Tenders vanaf tenderaars wat nie voldoen aan die voorgeskrewe kriteria nie, sowel as telegrafiese, telefoniese, teleks, faksimilering, eposse of laat tenders sal nie aanvaar word nie.

Verseëlde tenders moet geplaas word in die tenderbus by die **Direkteur: Korporatiewe dienste, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes** om die Kliënt te bereik teen nie later as **12:00** op **Vrydag, 28 November 2008**, waarna dit in die Komiteekamer oopgemaak sal word.

Tenders mag alleenlik ingedien word op die tenderdokumentasie wat uitgereik was en die vereistes vir die verseëling, adressering, aflewering, oopmaak en evaluering van tenders word aangespreek in die Tenderdata.

J. Booysen - Munisipale Bestuurder
Munisipale Kantore
Privaatsak 582 / Donkinstraat 112

BEAUFORT-WES
6970
Tel Nr: 027 (0)23-414 8101
Faks Nr: 027 (0)23-415 2811

KWEZI V3 ENGINEERS (Pty) Ltd Trading as Kwezi V3 Engineers. Reg No. 1989/002048/07 Registered Company – S.A. Association of Consulting Engineers

Certified: SABS ISO 9001:2000 Quality Management System